## BOEKBESPREKING[illegible]

Roderick Floud: *An Intr[illegible]n to Quantitative Methods for Historians*. Methuen & Co., London, 1973, [illegible]0 pp. R2,90.

Die historikus bevind hom vandag in 'n bevoorregte posisie in vergelyking met die ouer historici. Hulle het nie dieselfde hulpmiddele tot hul beskikking gehad as die moderne geskiedkundiges nie. Ons dink byvoorbeeld aan die fotostatiese apparaat en mikrofilmlesers wat navorsing bespoedig. Hierby kom die hulp van die rekenaar of elektroniese tegnieke wat in biblioteke en argiewe aangewend kan word. Dit kan die studente van die geskiedenis gouer op die spoor van materiaal bring en afskrifte van dokumente verskaf waar alles voorheen afgeskryf moes word.

Saam met die nuwe hulpmiddele hang ook veranderinge in die metode van navorsing en die verwerking van resultate. Die historiese wetenskappe is vandag nie die enigste wat die menslike samelewing van die verlede bestudeer nie. Die geskiedkundige het nie slegs die resultate van de sosiaalwetenskaplikes tot hulle beskikking nie, maar word ook verplig om van hulle metodes gebruik te maak by die verwerking van gegewens en die maak van gevolgtrekkings. Die historikus sal, afhangende van sy gekose studieveld, sy metode moet verruim as hy wil voordeel trek uit die nuwe rekenaartegnieke. Daar is baie velde van ondersoek waar dit noodsaaklik geword het om byvoorbeeld te dink aan die sosiale en ekonomiese geskiedenis en die geskiedenis van verstedeliking, bevolkingsverskuiwings en poltieke gedragspatrone.

Dit is waar dat die historikus in sy beoordeling van historiese dinge kwalitatief te werk gaan, maar by klassifikasie en groepering word by verplig om ook kwantitatief te werk te gaan. Hy het wel te doen met dinge wat nie geweeg, gemeet of getel kan word waar dit waardes raak nie, maar by groepvorming, bevolkingsverskuiwings, inkomste, ens., het die historikus wel te doen met kwantitatiewe gegewens wat statisties uitgedruk kan word. Soos ander sosiaalwetenskaplikes gebruik die historikus voortdurend kwantitatiewe konsepsies, hoewel toegegee moet word dat hy beperk word in sy metings. Sy objekte leef nie meer en geen vrae kan aan hulle gestel word oor hulle houdings nie. Die gegewens uit die verlede wat wel gemeet kan word help die historikus met sy vertolking van die onmeetbare. Kwalitatiewe en kwantiatiewe gegewens vleg deureen in die verskeidenheid van getuienis.

Wil die historikus by sy vertolking van getuienis kwantitatiewe gegewens benut, moet hy kennis opdoen van en oefening kry in die metodes en tegnieke van ontleding. Hier moet hy gebruik maak van statistiese metodes en kennis opdoen van die gebruik van die rekenaar.

Bogenoemde boek van R. Floud, 'n assistentdosent in Ekonomiese Geskiedenis aan die Universiteit van Cambridge, voorsien in die behoefte van historici wat kwantitatief te werk gaan in die gebruik van hulle gegewens. Die lees van die boek bring 'n mens onder die indruk van die verruiming en huidige gespesialiseerdheid van die historiese metode. Dit lei historiese navorsers in tot die klassifikasie en rangskikking van kwantitatiewe gegewens sodat dit deur die rekenaarmetode ontleed kan word. Die metodes om kwantitatiewe getuienis te beskryf word bespreek asook eenvoudige matematiese tegnieke wat nuttig is in die ontleding van gegewens. Die eerste drie hoofstukke is 'n beskrywing van die voorlopige stappe wat die historikus moet neem voordat hy met sy ontledings begin. Die eerste trappe van ontleding word beskryf en 'n aantal metodes van aanbieding van getuienis in grafiese en tabelvorm bespreek. Dit word gevolg deur 'n bespreking van gemiddeldes. Die tegnieke word toegepas op gegewens wat chronologies georden is, en eenvoudige liniêre regressie bespreek, asook die probleem van die ontbrekende getuienis. Ten slotte word die werktuie van kwantitatiewe ontleding beskryf: die elektroniese rekenaar, die kalkulerende

masjien en die gegate kaart pressesserende masjien. Die boek is 'n inleiding tot die vaardighede wat vereis word deur die historici wat van die kwantitatiewe gegewens gebruik maak. Dit laat 'n mens dink aan die metodes en prestasies van die Franse *Annales*-skool van historici wat in die 20ste eeu 'n vernuwing van die historiese metode en tema-aandurwing meegebring het. Die tyd het aangebreen dat studente in geskiedenis uit die R.S.A. verdere opleiding in Frankryk of elders behoort te ontvang.

F. A. van Jaarsveld.

J. A. Faber: *Drie eeuwen Friesland. Economische en sociale ontwikkelingen van 1500 tot 1800.* Wageningen, 1972. (Deel I, pp. 400; deel II, pp. 403-760).

Na die Tweede Wêreldoorlog het die beoefening van die ekonomiese en sosiale geskiedenis ook in Nederland onder leiding van Slicher van Bath aanmerklik gevorder. Terwyl Roesing en Van der Woude, in navolging van eersgenoemde ekonomies-sosiale studies oor die Veluwe en die Noorderkwartier die lig laat sien het, het J. A. Faber in 1972 op bogenoemde onderwerp, wat tans as nr. 17 van die "A.A.G. Bijdragen", uitgegee deur die "Landbouwhogeschool" te Wageningen, verskyn het. aan die Universiteit van Utrecht (1972) gepromoveer.

Die skrywer wys daarop dat die kwantitatiewe element 'n belangrike rol in sy en soortgelyke studies speel. Dit is 'n belangrike middel om tot duidelike insig in die relatiewe betekenis van die verskynsels en die ontwikkeling hiervan te kom. Hoe meer syfermateriaal oor verskynsels soos bevolkingsgroei, beroepstruktuur, prysverloop en dergelike veskynsels verkry word, des te waardevoller is die insigte wat verkry word. In dieselfde rigting werk 'n ondersoek oor 'n langer tydperk, in hierdie geval drie eeue. As gevolg van ontoereikende bronnemateriaal kon die beoogde doelstellings ewenwel nie altyd ten volle verwesenlik word nie.

Ten spyte hiervan word daar, danksy nog bestaande gegewens soos die resultate van volkstellings (1689, 1714, 1744, 1748, 1749, 1796), die telling van huise en skoorstene in Leeuwarden (1606) en die kerklike registers, waardevolle gegewens met betrekking tot die bevolkingsgroei (1511-1960), die leeftydsopbou in die 18de eeu, die diverse kerklike groeperings op verskillende plekke en tydstippe, e.d.m. verkry.

Die derde hoofstuk bevat besonderhede oor beroepe en bedrywe, soos die beroepstrukture van 1511 en 1749, die geografiese verspreiding van beroepe (1749) en kombinasies van beroepe. Die inhoud van die vierde hoofstuk staan in die teken van die landbou (pryse en produkte en grond), belastings, landherwinning, die aanwending van kapitaal en arbeid en die grootte van die landboubedryf.

In hoofstuk vyf kom die nywerheid, die handel, die skeepvaart en die turfgrawery aan die beurt, terwyl diverse maatskaplike ontwikkelinge, soos rykdom, politieke gesindhede, die predikante en armoede bespreek word.

As een van die belangrikste resultate van sy ondersoek beskou die skrywer dié verskynsel dat die 16de eeu 'n tydperk van opgang was. Die eerste helfte van die sewentiende eeu was vir groot dele van Europa 'n tydperk van krisisse en oorloë, maar ten opsigte van Noord- en Wes-Europa 'n periode van bloei. In die tweede helfte van die 17de en die eerste helfte van die 18de eeu het depressies oorheers, terwyl die tweede helfte van laasgenoemde eeu weer in die teken van vooruitgang was. 'n Weerspieëling van hierdie golfbeweging is ook ten opsigte van Friesland gevind (pp. 392-393).

Met nadruk vermeld die skrywer dat die Nederlandse "gouden eeuw" veral tot die eerste helfte van die 17de eeu beperk was. Die Friese geskiedskrywing het sy hoogtepunt omstreeks 1660 bereik. In die toenmalige Friese ekonomie was die agrariese sektor die stabiliserende kern. Die skrywer beskou die stabiele

karakter van die Friese platteland as een van die oorsake van die behoud van die Friese taal. In ons tyd, waarin die moderne dinamiek ook oor groot dele van die Friese platteland gekom het, is — as gevolg hiervan — groot inspanning nodig om die voortbestaan van dié in dié taal te verseker.

Faber se werk bevat 'n groot aantal belangrike gegewens vir die historikus wat hom — in 'n meerdere mate as wat dikwels die geval is — diep in die historiese agtergrond laat deurdring. Ook vir ons eie verlede, gelet op die immigrasie uit Friesland en ander dele van die Nederlandse Republiek, help bogenoemde en soortgelyke werke om ons 'n gedetaileerde beeld te vestrek aangaande die ekonomiese en sosiale agtergrond van dié gemeenskappe waaruit sommige van ons voorouers afkomstig was.

Deel II van die werk (pp. 403-760) bestaan uit toeligtende tabelle, grafieke, kaarte, 'n uitgebreide literatuurlys en 'n buitengewoon bruikbare register van persoonsname.

J. Ploeger

E. M. W. Tillyard: *The Elizabethan World Picture.* A Pelican Book, re-issued, 1972. 125 pp.

Hierdie boek is deur 'n letterkundige geskryf en bedoel vir letterkundiges. Die doel van die kort studie is om die wêreldbeeld in die tydperk van koningin Elizabeth uit die tydgenootlike letterkunde te illustreer. Dit handel om die skrywers se sienswyse oor die samehang van die wêreld en kosmos en die mens se plek daarin. Daar word o.a. verwys na Shakespeare, Spenser, Donne en Milton. Die vraag word beantwoord hoe daar oor die mens gedink is, die heelal, die aarde, die elemente en die bestaan. Wêreldbeeld is 'n filosofiese begrip hier toegelig aan die hand van die letterkunde.

F. A. van Jaarsveld

Price, C. H.: *George Rex, King or Esquire?*, pp. 202. Kaapstad, Howard Timmins, 1973. R4,30.

Was George Rex van Knysna nou 'n seun van die Engelse koning George III en Hannah Lightfoot, of was hy dit nie? Dit is die vraag wat in hierdie boek gestel word. Daar is eers 'n uitvoerige oorsig van die meer intieme kant van die hoflewe in die 18de en 19de eeu, die verhouding met die volk, die wyshede en foute van konings. Prof. Price weet om met opmerkings en woordgebruik 'n leesbare geheel te maak van hierdie deel van die geskiedenis, wat eintlik nouliks meer is as 'n relaas van vorste en vrouens, by-vrouens en nog vrouens. In dae sonder die film en die radio het die koning se misstappe die publiek darem stof verskaf om oor te gesels, verhale te vertel en menings te verkondig wat dikwels tot in die lagwekkende deurgevoer word.

George III kom nog beter daarvan af as wat 'n mens sou verwag. Die koning wou gematigdheid toepas, die volk nie. Die Britte hou nie van beminlike vorste nie; hulle het blykbaar voorkeur gegee aan losbandigheid en wreedheid, mits die koning ferm en regverdig was.

Op die omstandighede van George III en Hannah Lightfoot is noukeurig ingegaan en die verskillende verhale wat in omloop was, is terdeë getoets en onderling vergelyk. Dis duidelik dat ook die dagbladpers, wat in hierdie tyd ontstaan het, invloed uitgeoefen het. Ons lees van die vereistes van Britse huwelikswetgewing, die koninklike huweliksakte en hoe dit alles vorstelike huwelike beïnvloed het. 'n Aantal persone wat met Hannah Lightfoot te doen gehad het, is noukeurig nagegaan: Elizabeth Chadleigh wat met die geheime huwelik sou gehelp het; die *Secret History of the Court of England,* 'n boek wat die hoflewe tussen 1760 en 1830 beskryf; die Ryves-regsaak van 1866 wat ongegronde aansprake op vorstelike familiebelange besleg het. Die man in die straat was altyd

bereid om 'n skinderstorie te glo en te geniet, maar ook om aan gewaande misdeeldes simpatie te bewys.

Dit blyk dat sommige belangrike daterings onjuis is. George het nie tot 1759 gewag om 'n huwelik te sluit omdat hy toe 21 jaar geword het nie; vorste is op 18-jarige leeftyd meerderjarig. Die kapel waar die huwelik bevestig sou wees, was in vyf jaar al nie meer in gebruik nie. Die naam Rex kom algemeen voor in party streke in Engeland. Die Britse koning het George Rex nie in 1797 na die Kaap gestuur om iets weg te steek nie; vir 'n vors was dit onnodig; hy kon enige aantyging net ontken het. Bowendien het die koninklike familie hul avonture nooit geheim gehou nie, omdat sulke gerugte eerder tot hul populariteit bygedra het. Dit blyk dat ook in die V.S.A. 'n George Rex gewoon het, oor wie soortgelyke verhale die ronde gedoen het as oor sy naamgenoot in Knysna. As negatiewe bewysgronde is aangevoer dat sulke vorstelike „geheime" huwelike sekerlik deur spotprente geïllustreer sou word, wat nooit gedoen is nie.

Prof. Price kom stap vir stap tot die slotsom dat die romanse tussen George III en Hannah Lightfoot nie bewys kan word nie en dat George Rex sekerlik niks daarmee te doen gehad het nie. Wel het dit baie moeilik geblyk om te bewys wie George Rex van Knysna nou eintlik wel was. Hy was 'n immigrant na die Kaap, wat tydens die eerste Britse tydvak hier gekom het. Hy was 'n opmerklik hardwerkende man met baie ondernemingsgees, wat hom in Knysna gevestig het en daar met groot sukses geboer het.

Die boek is besonder vlot geskryf en verstrek feite en omstandighede wat in die gewone geskiedenisboeke nouliks ter sprake kom en gevolglik ook nie baie bekend is nie. Die bewysmetodes is op grondige geskiedkundige benadering gebaseer en kan nie weerlê word nie. 'n Baie interessante boek oor 'n interessante persoon in ons geskiedenis.

F. G. E. Nilant.

B. Bernard Cohen: *Writing about Literature*. Scott, Foresman & Co., England, 1973, 273 pp.

Hierdie boek is nie net vir die literator of literatuurkritikus van belang nie. Dit geld ook die historikus. Die literatuur is nie net 'n uitdrukking van die kuns nie — dit bevat ook uitdrukkng van de stand van die samelewing, denkwyses, ens. wat vir die historikus van belang is. Laat ons na ons eie literatuur verwys. Ons poësie is vol van die veranderinge wat in ons samelewing deur byvoorbeeld verstedeliking teweeg gebring is. Die houding van die plattelandse Afrikaners of Bantoes teenoor die stad word duidelik in ons literatuur weerspieël — veral in ons digkuns. As 'n historikus oor die verstedeliking van Suid-Afrika wil skrywe, sal hy nie slegs van koue kwantitatiewe materiaal gebruik maak nie. Hy sal ook die skone literatuur moet raadpleeg, soos die romans van C. M. van den Heever, Lub, Bruwer en andere, ook van die gedigte van Totius, S. J. Pretorius, N. P. van Wyk Louw en D. J. Opperman, om slegs 'n paar digters te noem. Hoe moet die historikus te werk gaan om „feite" en gegewens uit die literatuur as „historiese bron" te benut?

Die boek van B. Bernard Cohen gee antwoord op hierdie vrae. Dit is 'n uitstekende wegwyser tot die benutting van die literatuur as historiese bron — afgesien van die bedryf van die letterkundige self. Vir die Suid-Afrikaanse historikus lê 'n veld van ondersoek braak — die literêre bron. Die tyd het aangebreek dat dit benut word — benut word ten opsigte van verstedeliking en houdings wat dit meegebring het, of houdings en gesindhede in die veld van bevolkingsverhoudings- en menslike probleme, die houding teenoor verlede en toekoms, botsende lewens- en wêreldbeskouings, en denke oor die mens self. Die boek van Floud is 'n nuttige instrument wat die historikus in sy benadering van die samelewings van die verlede tot nut kan strek.

F. A. van Jaarsveld.

Kearney, Brian: *Architecture in Natal, from 1824-1893*, pp. XVI, 225, 547 ill. Kaapstad, A. A. Balkema, 1973. R25.

In die afgelope jare verskyn daar telkens 'n studie van ons boukuns op 'n terrein waaroor nog geen oorsigtelike navorsing gedoen is nie. Brian Kearney het met hierdie boek oor die 19de-eeuse boukuns in Natal 'n baie verdienstelike werk gelewer. Dis opvallend dat vanaf die begin, as gevolg van die gebruik van beskikbare materiaal, die boukuns 'n kenmerkende plaaslike karakter vertoon het. Hierdie vroegste gebou was opgerig met gras en takke en net vir tydelike gebruik aan die kus bestem. In die binneland is eerste tot die gebruik van bakstene oorgegaan. Die bodemgesteldheid het hiertoe meegewerk. Daar was egter ook verskil in smaak by die bevolking merkbaar: groot vensters vir Engelse immigrante, klein vensters vir die Afrikaners wat meer aan die Kaapse tradisie vasklou. Ook was tekens van oorsese invloed merkbaar. Die Britse Setlaars, wat die heersende Engelse style aanvanklik noukeurig nagevolg het, het spoedig hiervan begin afwyk. Dis ironies dat die Geloftekerkie in Pietermaritzburg deur 'n Engelse aannemer gebou is. As gevolg van die klimaat het die veranda, met al sy voor- en nadele, 'n baie belangrike rol gespeel. Dit het skaduwee gegee, die mure van die huis beskerm en die aansien van die huis verlewendig. By kerkgeboue en kantore was voorkeur vir gewelfde ingangsportale en gepleisterde mure onmiskenbaar. Deur toenemende handel en spoorwegaanleg is die boubedrywighede later aangespoor.

Pietermaritzburg het in een van die mees tipiese Victoriaanse dorpe in Suid-Afrika ontwikkel. Die huise was wel aantreklik, maar van straat tot straat was daar geen eenheid nie. Onvermydelik het die lokale boumateriaal invloed op die toegepaste style uitgeoefen: hout, soms klei, klip, bakstene, pleisterwerk, die gebruik van glas, dakteëls en leiklip. Sinkplaat is in 1847 vir die eerste keer in die Kaap en vanaf 1850 ook in Natal gebruik. Ook de menslike element het natuurlik 'n stempel op die boukuns gedruk: argitekte, aannemers, spoorweg-ingenieurs, messelaars, knoeiers, spekulante het almal hul spore nagelaat. Die eerste bouwetgewing het in 1955 in Pietermaritzburg tot stand gekom en in 1861 in Durban. Oor die algemeen was die boukuns in Natal op Engelse tradisie gegrond, maar praktiese oorwegings en 'n sterk neiging tot vereenvoudiging het dit tot 'n tipiese koloniale styl laat ontwikkel.

Elke afsonderlike verskynsel is deur 'n illustrasie toegelig. By elke hoofstuk is 'n groot aantal verwysings. Tog is dit hierdie illustrasies wat die boek so handig en waardevol maak. Daar is 'n bibliografie en 'n uitvoerige indeks. Die boek is 'n noodsaaklike en ongetwyfeld welkome aanvulling tot ons kennis van die Suid-Afrikaanse boukuns.

F. G. E. Nilant.

M. C. Kitshoff: *Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen, Kaapse Predikant uit die Negentiende Eeu.* Akademiese proefskrif, Vrije Universiteit van Amsterdam, V.R.B. Offsetdrukkerij, Groningen, 1972, 312 pp. prys R6. Promotor: prof. dr. D. Nauta.

Dit gebeur deesdae selde dat 'n Suid-Afrikaanse student in die geskiedenis aan 'n Nederlandse universiteit promoveer. Dit ontwikkeling van ons eie universiteite met moderne opleidingsgeriewe het in 'n groot mate die behoefte om aan 'n buitelandse universiteit te promoveer, vervang. Daar was 'n tyd dat studente in die teologie, kerk- of politieke geskiedenis hulle na die buiteland, veral ons stamland, Nederland, gewend het vir nagraadse opleiding. Nuwe omstandighede het daarin verandering gebring. Slegs by uitsondering is so 'n buitelandse opleiding die geval. En jammer, want dit gaan nie om „beter" opleiding nie; dit gaan om daardie verruiming van blik, die wyere perspektief en vertolking wat 'n Suid-Afrikaanse studente ondergaan by studie in die buiteland. Die proefskrif

van dr. M. C. Kitshoff, predikant in Gansbaaigemeente, is 'n sprekende voorbeeld van so 'n opleiding.

Ds. G. W. A. van der Lingen (1804-1869), Kaapse predikant uit die 19e eeu is nie 'n onbekende naam nie, maar het wel 'n onbekende lewe, 'n lewe wat nou aan die lig gebring word deur dr. Kitshoff, wat hom ingespan het om alle moontlike gegewens oor hom te versamel, te sistematiseer en te interpreteer. Hierdeur het hy nie slegs biografiese gegewens versamel en georden nie, maar ook 'n stuk geestesgeskiedenis uit die 19e eeu tot ons beskikking gestel.

Wie is Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen? Oor sy lewe en werk is daar sedert 1873 (vier jaar na sy dood) al besonderhede bekend: die eerste biografie van vrouilke kant in Suid-Afrika het in dié jaar verskyn, nl. van die hand van sy dogter, Johanna Maria Wilhelmina van der Lingen (M. de Villiers), *Herinnering aan het Leven en de Werkzaamheden van den Wel Eerw. Zeer Gel. Heer Goth. Wilh. Ant. van der Lingen, in leven Herder en Leeraar der Nederd. Geref. Gemeente aan de Paarl.* Sedertdien het verskeie geleerdes in kort biografiese sketse hulle hand aan die lewe van ds. Van der Lingen gewaag — onnodig om almal te noem. Feit is dat aan die lewe en werk van hierdie predikant op grond van beperkte bronne en doeleindes nie reg geskied het nie. Gebrek aan afstand, perspektief en bronne het 'n volledige beeld van sy lewe en werk bemoeilik. Die doktorandus Kitshoff het egter gebruik gemaak van 'n groot aantal bronne in private besit, kerk- en amptelike argiewe, en daardeur 'n beeld van die lewe en werk van hierdie geestelike ontwerp wat ons gesag en bewondering afdwing. Hy het daarin geslaag om sy doel te bereik, nl. om 'n beeld van die lewe en werk van 'n geestelike van groot formaat aan ons te openbaar op grond van alle moontlike beskikbare bronne. Dit raak baie aspekte van ons verlede, om te dink aan die raamwerk van gebeurtenisse waarin hy opgetree het soos die vrystelling van die slawe, die Groot Trek, die stryd tussen „Boer en Barbaar" om 'n eie bestaan, die groei en invloed van die perswese, die deurdringing van die Engelse taal en kultuur in die Kaapkolonie en die stigting van onafhanklike Boererepublieke. Sy lewe raak ook kerklike-godsdienstige gebied — die liberale beweging, die stryd van die kerk om geestelike onafhanklikheid, wyer belangstelling vir die sendingsaak, die beywering vir en die totstandkaming van 'n eie teologiese kweekskool (voorheen is opleiding in Nederland gegee), die disrupsie van die Kaapse Kerk deur 'n hofuitspraak (T. F. Burgers, ens.), die ontstaan van nog twee Afrikaanse Kerke op Gereformeerde grondslag en die geestelike herlewing in 1861. Dr. Kitshoff gaan na watter rol Van der Lingen gespeel het in die Afrikaner se volkslewe en veral watter plek hy ingeneem het in die lewe van die 19de eeu. Dr. Kitshoff het insae gehad in die preke van Van der Lingen, sy huislike lewe, sy korrespondensie en skriftelike nalatenskap en sy boekery. Kerklike notules, argivaliese materiaal, koerante en tydskrifstukke het aan die skrywer belangrike inligting oor sy figuur verskaf. Hy het daarin geslaag om 'n logiese en aanvaarbare indeling van sy „lewe" te gee en 'n omvangryke lewensbeeld daar te stel wat sinryk vir die nageslag verskyn.

'n Mens wil die hoop uitspreek dat dr. Kitshoff dit nie by sy geslaagde dissertasie sal laat nie, maar sy navorsing sal voortsit en in die toekoms 'n wesenlike bydrae sal lewer tot ons kennis van die geestelike lewe soos geopenbaar in die N.G. Kerk van Suid-Afrika. Ons ervaar 'n gebrek aan geskiedskrywing van Afrikanerkant, veral ook in kerklike rigting. Dr. Kitshoff het hom betoon as 'n ywerige en bekwame navorser en daarsteller. Die hoop word uitgespreek dat die R.S.A. in die toekoms meer van sy historiese belangstelling en werksaamhede sal verneem. Mag hy in 'n posisie gestel word wat hom in staat sal stel om ons land geestelik te bevrug.

F. A. van Jaarsveld.

Tabler, E. C.: *Pioneers of South West Africa and Ngamiland*, 1738-1880, pp. XII, 142. Kaapstad, A. A. Balkema, 1973. R6.

Die boeke oor die pionierslewe in Suidelike Afrika deur E. C. Tabler besit almal die eienskap dat hulle baie grondig is en tegelykertyd boeiend lees. Vroeëre studies oor die verre binneland en die pioniers in Rhodesië, word nou aangevul deur 'n oorsig van die vroegste besoekers aan Suidwes-Afrika en Ngamiland. Dit begin by die bekende reisigers en loop tot aan die tweede Nama-Herero-oorlog. Daarna verkry Brittanje Ngamiland en Duitsland Suidwes-Afrika.

By elke persoon word sover doenlik biografiese besonderhede verskaf, met die nadruk op die periode waarin hy in Suidelike Afrika gereis het en wat hy daar bereik het. Die afstand na Suidwes-Afrika was korter as na Rhodesië, waardeur die gebied eerder en veelvuldiger bereis is en produkte goedkoper was as verder na die Noorde. Daar was baie sendelinge in hierdie streke, soos die Rynse missie en die Finse sendelinge. Opvallend is die betreklik groot aantal Skandinawiërs wat hier rondgereis en hulle gedeeltelik gevestig het. Party van hulle het skepe verlaat, ander het normaal geïmmigreer.

Daar is natuurlik baie bekende name, mense waarvan uitvoerig inligtings-bestaan oor hulself, hulle planne en hulle bedrywighede. Daar was die Dorslandtrekkers, C. J. Anderson, W. Chapman, A. W. Ericsson, F. J. Green, ds. C. Hahn, C. Theron, G. McKierman, W. Palgrave, J. Stromboom, C. Thomas, J. Tindall, J. Wilson. Dis opvallend dat onder die reisigers en handelaars baie Afrikaners was: 'n groep Boere wat in 1852 by die Ngamimeer was, Botha, Bouwer, Brand, Coetzee, De Bruyn, Pienaar, Smuts, Van Reenen, Van Wyk, Van Zyl, Visagie, ens. Ook jagters, handelaars, mynwerkers, reisigers, botaniste, voëlkenners, sendelinge, avonturiërs en sosiaal-eensames kon hier raakgeloop word. En nie net persone nie, ook groot sake-ondernemings soos kopermaatskappye, di esending-handelmaatskappy, die Walvisbaaise mynmaatskappy, en Hop se ekspedisie was in hierdie gebied. Dit was mense met uiteenlopende ambisie, belangstelling en lewensopvattings, mense wat bereid was om die wildernes in te trek of vir wie die roepstem van die veld net onweerstaanbaar was. Dit is uiteindelik tog al hierdie onderling totaal verskillende mensetipes en karakters wat die land help makmaak het en wat die eerste grondslae gelê het vir latere ontwikkeling.

Tabler beskryf die lewensgeskiedenisse van die mense nugter en oorsigtelik. As Amerikaner het hy die voordeel dat hy afstand van sy onderwerp het. Hy het ook die land herhaaldelik persoonlik besoek en is op hoogte van die plaaslike moeilikhede en omstandighede.

Vir hom wat hierdie boek met verbeeldingskrag lees, is daar natuurilk baie moontlikhede vir drama en menslikheid, gebeurtenisse wat baie van die mense, ver van hul geboorteland verwyder, moes deurmaak. Sendeling Bath, wat met sy vrou en kinders tydens 'n skipbreuk omkom, John Cain wat met 'n Herero-vrou getroud was. Wie was eintlik Saul, 'n Boer wat in 1851 by Oas en Rietfontein rondgetrek het, en wat het Savage, 'n Kanadees uit Nova Scotia nou eintlik beweeg om na hierdie streek te kom? Ongetwyfeld was daar persone vir wie dit beter was om in hierdie gebied te verdwyn. Soos in alle pioniersverhale is daar dikwels verwysings na siektes, willekeur van kapteins en jagavonture.

Daar is in die totaal 333 lewensbeskrywings, aangevul deur 'n verklarende begripslys en 'n baie uitvoerige bronneverwysing. Die boek is 'n welkome toevoeging tot die vroegste geskiedenis van die pioniers in die Suid-Afrikaanse binneland. Vir geskiedskrywing van Suidwes-Afrika is dit onmisbaar.

F. G. E. Nilant.

## RHODESIANA REPRINT LIBRARY

The following titles are available in the Rhodesiana Reprint Library series of fascimile reprints of rare and out-of-print books on the pre-pioneering and pioneering days of Rhodesia.

**THE OLD TRANSPORT ROAD**
By Stanley Portal Hyatt $4,90 (R5,90)

**THE CRONICLES OF A CONTRACTOR**
By George Pauling $6,65 (R6,75)

**THE RUINED CITIES OF MASHONALAND**
By J. Theodore Bent $6,75 (R8,10)

**RHODESIAN RHYMES**
By Cullen Gouldsbury $4,90 (R5,90)

**MEN, MINES AND ANIMALS IN S. AFRICA**
By Lord Randolph S. Churchill $,00 (R7,20)

**ADVENTURES IN MASHONALAND**
By R. Blennerhasset and L. Sleeman $5,25 (R6,30)

**A NOBODY IN MASHONALAND**
By C. E. Finlason $5,25 (R6,40)

**ELEVEN YEARS IN CENTRAL S. AFRICA**
By Thomas Morgan Thomas $6,00 (R7,20)

**SALLY IN RHODESIA**
By Sheila MacDonald $4,50 (R5,40)

**ON THE SOUTH AFRICAN FRONTIER**
By William Harvey Brown $6,75 (R8,10)

**MEMORIES OF MASHONALAND**
By G. W. H. Knight-Bruce $4,90 (R5,90)

**A HUNTER'S WANDERINGS IN AFRICA**
By Frederick Courtney Selous $7,50 (R9,00)

**THE LOG OF A NATIVE COMMISSIONER**
By H. N. Hemans $5,05 (R6,05)

**RHODES — A LIFE**
By J. G. McDonald $6,60 (R7,90)

**THE DOWNFALL OF LOBENGULA**
By W. A. Wills and L. T. Collinbridge R6,60 (R7,90)

**MELINA RORKE**
Told by Herself $5,50 (R6,60)

**THE REAL RHODESIA**
By Ethel Tawse Jollie $6,00 (R7,20)

**WITH THE MOUNTED INFANTRY AND M.F.F., 1896**
By E. A. H. Alderson $6,30 (R7,55)

**WITH PLUMER IN MATABELELAND**
By Frank W. Sykes $6,75 (R8,10)

**ONE MAN'S HAND**
By J. P. R. Wallis $4,90 (R5,90)

**THE ANCIENT RUINS OF RHODESIA**
By R. N. Hall and W. G. Neal $9,00 (R10,80)

**GREAT DAYS**
By Frank Johnson $6,40 (R7,65)

**TRAVEL AND ADVENTURE IN SOUTH-EAST AFRICA**
By Frederick Fourtney Selous $7,15 (R8,65)

**THE AUTOBIOGRAPHY OF AN OLD DRIFTER**
By Percy M. Clark $6,50 (R7,80)

**EX AFRICA**
By Hans Sauer $7,00 (R8,40)

**TO THE VICTORIA FALLS OF THE ZAMBESI RIVER**
By Eduard Mohr $9,00 (R10,80)

**THE RECOLLECTIONS OF WILLIAM FINAUGHTY ELEPHANT HUNTER: 1864-1875**
$6,75 (R8,10)

**THE JAMESON RAID**
By Hugh Marshall Hole $7,50 (R9,00)

The prices quoted are retail but subscribers to the Books of Rhodesia Book Club are offered a discount of 33⅓% off these prices. We will be pleased to send you details of our membership offer and lists of other valuable Africana reprints and new works.

# BOOKS OF RHODESIA

**P.O. BOX 1994, BULAWAYO**

*Foundations of Modern History*

## Arms, Autarky and Aggression

WILLIAM CARR

In this scholarly and revealing analysis of German foreign policy from 1933 to 1939, the author emphasises the totality of Hitler's aggressive policy and not only the diplomatic background to the period. The unprecedented rate of expansion of the German armed forces, economic development — especially attempts to achieve autarkic self sufficiency in terms of strategic war materials and food supplies — as well as the dictator's racial obsession and fanatical long-term plans for the domination of Eastern Europe are all seen to play their part in the momentous events which finally plunged Europe in to the disastrous Second World War.

**Boards £2 net** Paper 95p net

*Now available in Paperback*

## A History of Germany

WILLIAM CARR

"An outstandingly good book — up to date, comprehensive and above all, most readable." **Higher Education Journal.** ". . . a readable and reliable textbook . . . which deserves to come into widespread use in both schools and universities." **History**

**£2 net**

*Documents of European Economic History*

## The End of Old Europe 1914-1939

Edited by SIDNEY POLLARD and COLIN HOLMES

The editors cover the immediate impact of the 1914-1918 war, the rise of Soviet Russia, the inter war crisis and depression and the Nazi state, in a way which suggests that such events saw 'the end of the old Europe' with its liberal bourgeois ideals crumbling under unprecedented social and economic pressures.

**£8 net**

For a catalogue and full list of our titles contact our South African representative; Mrs. B. Chance, BOOK PROMOTIONS (PTY.) LTD., 311, Sanlam Centre, Main Road, Wynberg, Cape.

**25 HILL STREET, LONDON W1X 8LL**

**EDWARD ARNOLD**

H. Levin: *The Myth of the Golden Age in the Renaissance*. Pp. XXIV, 231. Faber en Faber, Londen, 1969. R5,50.

Harry Levin is professor vir Vergelykende Letterkunde aan die Universiteit van Harvard. Hy is die skrywer van onder andere *Christopher Marlowe; The Overreacher* en van *James Joyce: A Critical Introduction*.

Die inhoud van *The Myth of the Golden Age* is op Levin se Patten-lesings van 1967 aan die Universiteit van Indiana gelewer, gebaseer.

Die boek is in 'n stewige band uitgegee, met 'n stofomslag; dit bevat 'n register, drie sinvolle bylae en geen voetnota nie, maar wel verduidelikende notas agter in die boek as bibliografiese verwysings. Die werk wemel van aanhalings en parafraserings; in so 'n mate dat die natuurlike leesgang versteur word, maar die materiaal spreek daardeur op sy beste.

Die boek lê op die middeweg tussen letterkundige kritiek en historiesfilosofiese bespiegeling betreffende die geskiedenis van idees, opvattings aangaade 'n goue era, 'n utopie wat kwansuis in die verlede lê of wat eendag wel betree sal word. Die spekulasiegedagtes van 'n verskeidenheid outeurs oor baie geslagte en uit veel kringe is in hierdie werk saamgevat. Die grondslag van die boek het egter met die Renaissance te doen — wat hy tussen 1450 en 1650 plaas — soos dit deur die verskeie, veral Romaanse kulture na Engeland gevloei het.

In hierdie werk behandel Levin 'n aantal temas, terreine waar die gedagte van 'n Goue Eeu na vore gekom het — die voorgeskiedenis, etiek, aardrykskunde, fiksievoorstelling of historiografie. Behalwe vir laasgenoemde gedeelte het die dan ook nie veel met geskiedenis te make nie.

Dit bly nogtans interessant hoe Levin skrywers laat spreek; hoe die letterkunde, filosofie, geografie en geskiedenis vermeng word, en hoe daardie besondere faktor, tydsgees, deurwerk. Die opvatting van 'n goeie, goue era met soortgelyke mense loop dwarsdeur die wêreldliteratuur. Maar die begrip is steeds aangepas, met verbasende vaardigheid, soos wat die algemene beskouing en situasies verander het. Die Sumeriërs, Ovidius en andere het almal na „eens op 'n tyd" verwys; na 'n tydperk toe die lewe van die mens sosiaal, oorvloedig, ontspanne, aangenaam en uitgerekte vrede was.

Elke tydperk het egter sy bepaalde redes waarom 'n era as 'n sogenaamde goue periode bestempel word, maar dit is selde dat die eietyd sodanig besing word. Levin haal dan steeds uit 'n waarlik wye aantal letterkundige werke sy voorbeelde aan om sy standpunt mee te bewys. Soortgelyk het reisgidse en geografiese opnames van oor die eeue na 'n goue periode verwys en dikwels is die primitiewe mens (vergelyk Voltaire) hiervoor bewonder omdat hy dan kwansuis nog nie deur die gerompslomp van groter organisasie vasgevang sou wees nie; waar hy nog vry en onbelemmerd woon; waar arbeid 'n vreugde is, die laste weinig; waar geld geen kwellings meegebring het nie, die lewe een lang vakansie is en die dood kom sonder die voorafgaande aftakeling. Teenoor die goue periode staan dan steeds die ystertydperk — die era van geweld, haat, naywer, probleme, oorlog. Shakespeare, Cervantes, Milton, Bodin, Vergilius, Chaucer, Newton, die profete van die Bybel, Schiller en talle ander word steeds ingeroep om die tentdoeke van Levin se gedagtes te stut.

In afdeling VI van die werk wys Levin op die idee van 'n goue era wat spesifiek in die geskiedenis te vind is. Miskien het die betrokkenheid by die hede die ontevredenheid daarmee veroorsaak, en tog het dit die mens gedwing om die verlede te idealiseer of die hoop op die toekoms te vestig — al is dit dan net om met Don Quixote die goeie, helaas verlore saak van die verlede in die hede te bewaar. Immers, elke besondere skrywer behou altyd 'n lewendige verhouding met sy eie tyd.

Die geskiedenis is na aanleiding van hierdie opvatting van 'n vervloë glorie of latere hoop op verskeie maniere ingedeel. Die een praat van die era van die

Ou, van die Nuwe Testament en van die ewige Evangelie. Comte weer meen dat die geskiedenis van die religieuse na die filosofiese na die wetenskaplike era vorder. Vir baie Duitsers het die finale, goeie toekoms met die Derde Ryk aangebreek. Vico sê: die drie tydperke in die geskiedenis is die goddelike, die heroïese en die maatskaplike, en hulle herverskyn telkens weer in 'n opwaartse, spirale siklus.

Saint-Simon het egter in 1814 beweer: die goue era lê vóór ons, naamlik in die vervolmaking van die sosiale patroon ééndag. Die goeie tydperk lê nie in die verlede nie. Die huidige mens moet dus die pad help oopstel vir die geslagte wat kom. Hierdie gedagte is besonders, want die mens word opgeroep om 'n daad te verrig ten einde die toekoms te help skep. Soortgelyk word geredeneer dat die goue era verlore gegaan het toe die eerste persoon 'n stuk grond afgemerk, dit as sy eiendom bestempel en andere dit aanvaar het. As hierdie situasie, aldus die Kommunisme, herstel kon word, sou die glorie van die verlede in die Utopie van môre voortgesit word.

Historiese kennis van die verlede, teenoor letterkundige bespiegeling, bied egter 'n herstelling aan vir ons pessimistiese uitsig betreffende die hede teenoor die bewondering van die verlede of die toekoms. Macaulay het immers tereg beweer dat geen mens wat korrek ingelig is, aangaande die verlede, hom sal laat mislei om 'n neerhalende, onbetrokke, negatiewe siening in verband met die hede daarop na te hou nie. 'n Utopiese toestand veronderstel 'n statiese situasie en dit is onmoontlik, want die menslike gees beweeg steeds verder voort. Wie dus na 'n goue era soek of dit verwag, begeer stilstand. Friedrich Schlegel het so 'n houding as 'n las en 'n hersenskim bestempel; 'n siekte wat deur elke gemeenskap op 'n stadium opgedoen word.

Hoe dit ookal sy, Levin se boek is miskien nie vir die historikus só lesenswaardig nie. Veel eerder sal die letterkundige daarby baat omdat hy in die proses met sy eie terrein, maar dan ook met heelwat historiese wysheid, te doen sal kry.

M. J. Swart.

*Documents of European Economic History*

**VOLUME 2**

## Industrial Power and National Rivalry 1870-1914

Edited by SIDNEY POLLARD and COLIN HOLMES

This is the second of a three volume series of documents on **European Economic History 1750-1939.** It continues the method of representation of the earlier volume, illustrating its themes by means of direct contemporary and other material, selected with a view to covering all the major aspects of economic development in as succint a form as possible. The period 1870-1914 treated in this volume was one in which Western Europe played a predominant role in opening up the rest of the world to its own dynamic economic systems.

**£6.50 net**

*Documents of Modern History*

## The Growth of the British Commonwealth 1880-1932

Edited by I. M. CUMPSTON

These documents illustrate the development of the Commonwealth by conquest both military and commercial, and the parallel development of British policy towards it. The editor considers the problems of administering the diversity of its people and its incalculable riches, and isolates the cohesive factors which between 1880 and 1932 held the Commonwealth and Empire together.

**£2.80 net Boards** **£1.40 net Paper**

*Documents of Modern History*

## Elizabethan People: State and Society

Edited by JOEL HURSTFIELD and A. G. R. SMITH

The editors have chosen many extracts which depict facets of Elizabethan social, economic and religious life and which reflect the habits, tastes and views of contemporary Englishmen. They devote considerable space to the important intellectual developments taking place in the arts and sciences, and in particular to the unparalleled achievements in literature.

**Cloth £2.10 net** **Paper £1.05 net**

For a catalogue and full list of our titles contact our South African representative; Mrs. B. Chance, BOOK PROMOTIONS (PTY.) LTD., 311, Sanlam Centre, Main Road, Wynberg, Cape.

**25 HILL STREET, LONDON W1X 8LL**

**EDWARD ARNOLD**